

3 Augustus

Romeine 8:31-38

(Teks: 8:38a)

Kan ek seker wees van my uitverkiesing?

Is jy seker van jou uitverkiesing?

Vir baie mense is dit 'n moeilike vraag.

Hoe kan ek in 'n wêreld waarin feitlik alles onseker is, sê: Ek is seker. Hiervan is ek oortuig! En dit nogal van my ewige bestemming!

Paulus antwoord egter sonder enige twyfel só op die vraag: "Hiervan is ek oortuig..." Ek is seker. Altyd, oral en onder alle omstandighede. In lewe en in dood.

En onthou, dit sê Paulus ten spyte van sy eie swakhede, vertwyfeling en worsteling wat hy in sy lewe geken het "...want wat ek wil doen, dit doen ek nie, maar wat ek haat, juis dit doen ek" (Rom. 7:15).

Dit alles loop uiteindelik daarop uit dat Paulus worstelend moes uitroep: "Ek ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?" (Rom. 7:24).

En tog, ten spyte hiervan sê Paulus: ek is oortuig. Niks kan my van die liefde van God skei nie. Het jy ook dié sekerheid in jou lewe?

Onthou, hierdie sekerheid is moontlik... ook vir jou.

Moontlik, ten spyte van jou swakheid, jou vertwyfeling soms, jou sondes en jou lewensworsteling.

As gelowige kan en mag en moet jy sê: Ek is oortuig, ek is seker.

Seker van die liefde van God in Christus Jesus!

Ontwyk die sekerheid jou nog steeds?

Luister dan wat Johannes daarvan sê: "Hierdie brief skrywe ek vir julle sodat julle kan wéét dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo" (Joh. 5:13).

Sing Skrifberyming 10:1 en 2

Dr. A.N. Helberg (Dordrecht)